Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 1 September 1948 No. 41

## Veg Teen Apartheid

In Kaapstad is daar 'n organisasie gestig wat hom beywer om die apartheidsmaatreël op die treine te verongeluk deur nie-blankes aan te moedig om op blanke waens te ry. Die Minister van Vervoer het reeds te kenne gegee dat daar teen hierdie persone opgetree sal word.

## ROOI KONSULAAT TEL 15 LEDE

**Rusland, wat daarop uit is om 'n Kommunistiese rewolusie in elke land van die wêreld te stig, is besonder goed verteenwoordig in Suid-Afrika. Altesaam bestaan die Russiese konsulaat in die Unie uit 15 lede, volgens verlede week in die parlement bekend gemaak is. In Pretoria is daar 'n Rus met die titel van konsul-generaal terwyl daar in Kaapstad 'n konsulêre agent is. Behalwe hierdie twee here is daar nog 'n sekretaris, 'n rekenmeester, 'n onderwyser, 'n motorbestuurder, 'n slotmaker en agt klerke.**

**Dit blyk ook dat daar feitlik geen handel tussen die Unie en Rusland is nie. Volgens syfers wat deur die Minister van Ekonomiese Sake verstrek is, het Rusland gedurende die eerste helfte van verlede jaar niks van die Unie ingevoer nie. Suid-Afrika het slegs £20,000 se goedere vanuit Ruslanl ingevoer, waarvan 'n gedeelte in die behoeftes van die Russiese konsulaat self moes voorsien.**

**Volgens getuienis van oud-Kommuniste in Amerika en Kanada is elke verteenwoordiger van Rusland in die vreemde belas met die organisering van spioenasie-ringe. Dit is 'n saak vir die regering om vas te stel in hoever hierdie getuienis ook betrekking het op Suid-Afrika.**

# REPUBLIKANISME VIND BESTENDIGE TUISTE IN OSSEWABRANDWAG

**„Die Ossewabrandwag het uit die Tweede Wêreldoorlog gekom as 'n geharde republikeinse organisasie wat die draer geword het van die republikeinse strewe van die Afrikanerdom. En as ek terugkyk dan sien ek een groot verskil tussen die vòòr en na-oorlogse periode: die republikeinse strewe van die volk wat jarelank 'n speelbal was het nou vir die eerste keer 'n anker buite en bo die party-politiek gevind waar niemand hom skade kan aandoen nie," het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, Donderdagaand op die Paarl verklaar toe die tiende verjaardag van die O.B. feestelik herdenk is.**

Die O.B. van die Paarl het hierdie keer die verjaardag van die O.B. by wyse van 'n reusedinee in die stadsaal gevier waar 'n paar honderd Brandwagte aanwesig was saam met al die leiers van die O.B. in die Suide, onder wie genle. dr. Erika Theron en Gebiedsgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl. Dr. Jan Steyn, L.V., en mnr. Stirling Low, H.N.P.-leier van die Paarl, was ook gaste.

Die K.G. het gesê dat waar die republikeinse strewe in die verlede geen ander tuiste as 'n politieke party gehad het nie en sy lot gebonde was aan verkiesings, en dié ideaal by tye noodwendig op die agtergrond geskuif moes word, het dit nou 'n tuiste waar dit geen speelbal meer is nie. Dit is een van die grootste bydraes van die Ossewabrandwag. **Dit is ook goed vir die politieke partye dat hulle nie meer alleen hoef te waak oor die republikeinse ideaal nie, aangesien hulle nou realisties kan optree sonder die vrees om die republikeinse ideaal te benadeel.**

„Mense wat die krag van die O.B. net in sy ideologie soek is verkeerd. **Sekerlik is dit ook 'n krag in die Ossewabrandwag, maar die sterkste faktor in die O.B. is die kameraadskap van tien jaar se stryd. Daar is 'n gees van liefde landswyd geskep wat beproef is deur die strydjare. En as ons daardie kameraadskap inwerp in die stryd kan ons ontsaglik veel bereik.**

**AS GEHEEL**

„Ons vra die twee nasionale partye dat hulle moet sorg dat ons nie hoef te kies tussen Afrikaner en Afrikaner nie, maar ons die kameraadskap (vervolg op bls. 8, kol. 4)

## VERDELING VAN SETELS

**Na Die O.B. verneem is daar gedurende die afgelope week samesprekings tussen die verteenwoordigers van die Afrikanerparty en die H.N.P. gehou met die oog op die verdeling van die setels vir die provinsiale verkiesings.**

Daar sou reeds in Transvaal 'n ooreenkoms bereik wees en ook 'n verstandhouding ten opsigte van Kaapland en Natal. Die posisie in die Vrystaat word nog bespreek. Die ooreenkomste is slegs voorlopig en moet nog deur die verskillende party-organisasies goedgekeur word.

## Eis Strenge Optrede

Die Amerikaanse kommissie insake kommunistiese bedrywighede het aanbeveel dat alle kommuniste verplig moet word om hulself te registreer, dat die toelating van vreemde Kommuniste in Amerika drasties beperk word en dat geen paspoorte aan Amerikaanse Kommuniste beskikbaar gestel mag word nie, na Sapa-Reuter berig. Verder word aanbeveel dat die staatsdiens gesuiwer en dat strawwe verhoog word in gevalle waar persone weier om verklarings voor die kommissie te doen omtrent hul kommunistiese verlede.

## Geen Verandering Voorlopig

Die Immigrasie-komitees in Londen en elders wat die immigrante moet keur, sal voorlopig nie afgeskaf word nie, het die Minister van Binnelandse Sake verlede week verklaar. Die hele situasie word tans nog ondersoek. Die nuus is in Londen verwelkom.



# O.B. Groei Fluks In Oos-Kaapland

**Die Ossewabrandwag in Oos-Kaapland (Gebied B) wat tans intensief georganiseer word, het sedert Januarie tussen 500 en 600 nuwe lede bygekry. Hiervan is ongeveer 200 staatsamptenare terwyl die res mense is wat weer besluit het om hul kragte aktief by die O.B. in te werp, na genl. P. M. du Plessis, Stafhoof van die Gebied, Die O.B. meedeel.**

**Gedurende die afgelope paar maande is nuwe eenhede gestig op Adendorp, Uitenhage en Murraysburg, terwyl die ledetal van die kommando op Cradock net mooi verdriedubbel het. Uitenhage tel ook reeds meer as 100 lede en die getalle is besig om aan te was. Daar sal ook binnekort op Graaff-Reinet, Hofmeyer en ander dorpe in Oos-Kaapland eenhede gestig word sodra die organisasie in die haak is. Die getalle van die O.B. in die omgewing van Uitenhage, en Despatch het so toegeneem dat dit oorweeg word om 'n nuwe generaalskap te stig.** Die eenheid val tans nog onder die generaalskap van Port Elizabeth wat onder bevel van genl. W. Delport staan.

## Vakansiedae Hersien

Sodra dienlik sal die regering 'n kommissie aanstel om die rooster van openbare vakansiedae te hersien. Die kommissie sal gevra word om die gedenking van historiese geleenthede en persone in ag te neem.

## SAMETREKKINGS IN GEBIED B

**Op Saterdag 9 Oktober word daar 'n groot Gebiedsaamtrek op Cradock gehou waar die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, en dr. Jan Steyn, L.V., sal optree as sprekers. Offisiere van Gebied B. word veral versoek om aanwesig te wees omdat dit 'n besonder belangrike offisiersvergadering sal wees. Ook gewone O.B.-lede word dringend versoek om hul opwagting te maak.**

**Op 25 September spreek genl. John Vorster van Brakpan 'n vergadering gedurende die middag toe op Despatch, en in die aand op Kirkwood. O.B.-lede is van voorneme om 'n groot feestelikheid van die vergaderings te maak.**

**Sametrekkings word ook in Oos-Londen en Graaff-Reinet in vooruitsig gestel.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Duitse Grondwet

Die konstituerende vergadering wat 'n grondwet vir die Wes-Duitse republiek moet saamstel, vergader vandag in Bonn. Slegs afgevaardigdes van Wes-Duitsland en Berlyn sal teenwoordig wees.

## Ierse Eenheid

Die eerste minister van Ierland, J. Costello, het verklaar dat hy oortuig is dat die verdeling wat daar tans in Ierland bestaan, binne die volgende vyf jaar beëindig sal word. Die bitterheid teen Brittanje is ook aan die afneem, het hy gesê.

## BY DIE DINEE

**Die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag is verlede Donderdagaand feestelik in die Paarl herdenk. Ons foto toon 'n blik op die hooftafel by die dinee terwyl die K.G. aan die woord is. Die ander persone op die foto is (van l. n r.): dr. Jan Steyn (L.V.), genle. dr. Erika Theron (Hoofvrou van Wes-Kaapland); die K.G., hoofgenl. Max Smuts, mev. dr. Van Rensburg en genl. J. de Vos.**

# „EENHEID SONDER ENERSHEID”

**Die stelling dat die Afrikanervolk nie sy eenheid in enersheid moet soek nie, maar dat die verskillende politieke strome so gelei moet word dat dit parallel met mekaar vloei, is deur mnr. Stirling Low, H.N.P.-leier in die Paarl, beklemtoon toe hy verlede Donderdagaand namens die plaaslike H.N.P. op die O.B.-dinee gepraat het. „Ons moet die punte van ooreenkoms beklemtoon en nie die van verskil nie,” het mnr. Low gesê.**

Mnr. Low, wat die O.B. geluk gewens het, het sy bewondering uitgespreek vir die moed van die manne en vroue in die Ossewabrandwag wat in tye van storm en drang hul lot by die Ossewabrandwag ingewerp en koers gehou het.

„Ons hoef nie almal eners te wees nie, maar dit behoort nog geen afbreuk aan ons eenheid te doen nie. Ek praat hier namens die H.N.P. **Laat ons dit leer: ons kan nooit ons eenheid in enersheid soek nie. Ons kan 'n eenheid wees omdat ons belange en strewe een is. Waar ons in dié verlede verskillende strome gehad het en dit laat bots het, was dit ten koste van ons self.”**

### LANGS MEKAAR

Die strome moet daar wees en sal bly, maar ons moet dit in parallelle strome lei en as ons dit doen sal dit ten koste van die teenparty wees.

„Ons moet nie soos in die verlede die punte van verskil soek nie, maar die punte van ooreenkoms beklemtoon.” Spr. het voorts verwys na die samewerking wat daar gedurende die verkiesing in die Paarl was waardeur die setel verower is. „Die Afrikaners het mekaar se hand gevat en ek is dankbaar vir die O.B.-vriende wat met die ooreenkoms tot die oorwinning bygedra het. Hiervoor ons hartlike dank en daar is geen rede waarom ons nie in die toekoms ook kan saamwerk nie”, het mnr. Low besluit.

Die woord is ook nog gevoer deur dr. Erika Theron en dr. S. J. du Plessis van Stellenbosch. Laasgenoemde het verklaar dat hy gedurende die oorlog as amptenaar stil moes sit en die dinge objektief beskou het. Na tien jaar het die O.B. geseëvier. Maar die toekoms lê voor en daar is werk wat gedoen moet word waarvoor niemand met geld kan betaal nie. Dit is die taak van die Ossewabrandwag en ons is dankbaar dat ons die volgende tien jaar tegemoet kan gaan met die K.G. aan die spits.

## *Kleurlinge Wil Hul Afsonder*

Die African People Organisation ('n liggaam wat hom beywer vir die eenheid van gekleurdes van alle rasse) het verlede week 'n mosie van wantroue in Johannesburg gekry toe sy lede geweier het om 'n mosie goed te keur waarin beswaar gemaak is teen die regering se apartheidsbeleid. Die vergadering van nie-blankes het 'n mosie aangeneem waarin verklaar word dat kleurling-nasionalisme alleen gekweek kan word in „'n suiwer kleurling-organisasie.”

## *Mev. J. E. Conradie*

Mev. J. E. Conradie is opnuut tot voorsitster van die Kaaplandse V.L.V. gekies. Die kongres het verlede week in Die Strand vergader. Mev. Conradie is gekoöpteerde lid van die Gebiedsraad van Wes-Kaapland.


# DKB

## GROOTHANDELAARS BPK.

**(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)**

**KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD**

**FOON 3-0423 POSBUS 2120**

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL fabrikate**


## *Snelle Aanwas Van Boerejeug*

**Na berig word, is daar so 'n geweldige toestroming na die Boerejeug in Wes-Transvaal die afgelope tyd dat Boerejeugkommandant Gerard van Rooy moeilikheid ondervind om voor te bly met die administrasie. Hy was verplig om die aantal veldkornetskappe in die afgelope weke te verdubbel sodat hy nou agt Jeugveldkornetskappe in die generaalskap Potchefstroom-Klerksdorp onder hom het.**

## *Deportasie Van Duitsers Herroep*

**Van die 196 Duitsers wat deur die Smuts-regering aanbeveel is om gedeporteer te word, is al die persone, met die uitsondering van vier, van deportasie vrygestel.**

**Die Minister van Binnelandse Sake het onlangs 'n kommissie benoem wat die gevalle verder moes ondersoek. In die geval van die vier persone wat nie vrygestel is nie, sal 'n geregtelike verhoor aan hulle toegestaan word.**

# O.B. se Toetrede Belangrike Stap

**„Die onlangse besluit van die Grootraad van die Ossewabrandwag was 'n baie belangrike stap in die binnelandse politieke ontwikkeling. As lid van die hoofbestuur van die Afrikanerparty wil ek die besluit hartlik verwelkom asook O.B.-lede wat besluit het om hul gewig by die Afrikanerparty in te gooi,” het dr. Jan Steyn, Afrikanerparty-L.V. vir Potchefstroom, verlede Donderdagaand op die Paarl gesê by geleentheid van die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag.**

'n Deel van die Afrikanerdom wat onder die diepe besef van die erns van die tyd verkeer en die verantwoordelikheid voel, kan nou deelneem aan die gekonsentreerde politieke lewe. Lede van die O.B. wat by die A.P. aansluit, sal miskien nie daar die dissipline en opoffering vind wat hulle in die Ossewabrandwag ken nie, maar hulle sal daar 'n waaragtige besef vind wat elke Afrikaner moet voel, naamlik om deel te neem aan die stryd.

### VOLWAARDIG

**„O.B.-lede in die Afrikanerparty word opgeneem as volwaardige lede met elke reg en plig wat daar op enige ander lid van die party rus”, het dr. Steyn onder toejuiging verklaar.** Ons binnelandse politieke lewe is besig om 'n verandering te ondergaan; ons is aan die vooraand van nuwe toestande in Suid-Afrika. Die verskillende groepe sal moet inpas in die stryd vir die toekoms en wie nie beweeg en betyds beweeg nie, gaan geïsoleerd raak en alleen agter gelaat word, het dr. Steyn besluit.

# *GROOT RYK IN AFRIKA MOET BRITTANJE RED*

**Brittanje is van voorneme om weer sy verlore mag te herwin deur 'n groot ryk in Afrika op te bou. Dit is die gevolgtrekking waartoe 'n Amerikaanse professor, Lowel Ragatz, gekom het nadat hy 'n jaar in Brittanje deurgebring het. Hy het verlede week van sy indrukke in Washington vertel.**

**Britse leiers is van plan om Afrika so te industrialiseer dat hy binne 'n paar jaar soos Amerika sal lyk en hierdie rykdom sal aangewend word om die ekonomiese en politieke mag wat hy verloor het, te herwin.** Hulle besef ook dat Brittanje op die lang duur nie sy huidige uitvoertempo kan handhaaf om lewensmiddele mee aan te koop nie, en daarom word mense en kapitaal in Afrika gesteek om te ontwikkel. **„Brittanje het twee groot ryke opgebou en verloor, in Amerika en in Indië, maar die vooruitsigte is goed dat Afrika een van Brittanje se grootste Ryke kan word.”**

### DOMINIUM

In dieselfde week het die leier van 'n Britse afvaardiging in Noord-Rhodesië, mnr. R. Welensky, wat die konstitusionele posisie ondersoek, verklaar dat as Niassaland en die twee Rhodesiese gebiede die Britse regering nader met die oog op 'n federasie, dit gunstig oorweeg sal word. Hy het voorts gesê: **„As gevolg van 'n onderhoud met die minister van kolonies is ek oortuig dat die stadium bereik is dat die droom van 'n groot Britse dominium in Midde-Afrika nou werklikheid kan word. Dit is iets waaroor ons nou self kan besluit.”**

Die Franse historikus, prof. André Siegfried, het kort gelede beklemtoon dat die dominiale stelsel 'n uitstekende saambindende mag is wanneer die dominium net deur Britte bewoon word, maar nie deug nie wanneer dit gemengde bevolkings bevat. Groter politieke regte aan die inboorlinge wat kort gelede in Noord-Rhodesië verleen is, moet, volgens hierdie stelling, dus 'n stap in die rigting van ontbinding wees.

## *Mosley se Boeke In Duitsland*

Die Britse besettingsowerheid maak daarop aanspraak dat hy 'n radikale regse beweging in Duitsland ontdek het wat beoog om die Duitsers weer op te voed in die beginsels van „diktatorskap”. Die beweging sou sy hoofkwartiere in Spanje, Suid-Afrika, Brittanje en Suid-Amerika hê. Die ontdekking hiervan het aanleiding gegee tot die in ban doen van sir Oswald Mosley se publikasies in die Britse besettingsgebied.

# Maories Toon Beter Begrip

**Die Nu-Seelandse Maories skyn 'n veel beter besef van verantwoordelikheid te hê as die Indiërs en selfs as sommige blankes in hul eie land.** Die besluit om geen Maories in die All Black-span wat aanstaande jaar na die Unie kom, in te sluit nie, het 'n groot storm van verontwaardiging in blanke kringe aldaar veroorsaak. Hulle is egter tereg gewys deur die nie-blanke All Black-kaptein, Johnnie Smith, wat beklemtoon het dat die moeilikheid lê by die maatskaplike aspek van die saak wat die Maories in 'n moeilike posisie sal plaas.

'n Maori-onderwyser wat ook 'n speler is, Potiki, antwoord in 'n brief op die besware van korrespondente dat indien 'n Maori goed genoeg is om vir die Ryk te veg, hy goed genoeg behoort te wees om oral daarin ontvang te word. Hy skryf: **„Wat die Maories ookal voor geveg het, was dit in elk geval nie vir die reg om in 'n ander land se binnelandse aangeleenthede in te meng nie.”**

## *Konsulate Nou Maar Liewer Gesluit*

Rusland het sy twee konsulate in die V.S.A. gesluit as gevolg van die onlangse gebeure toe 'n Russiese onderwyseres wat deur die Russiese konsul aangehou is, uit 'n venster gespring het om te ontsnap. Die optrede van Amerika in hierdie verband, sê die Russe, „het die uitvoering van konsulêre pligte onmoontlik gemaak”.

Rusland het Amerika versoek om ook sy konsulate in Rusland te sluit. Die stap beteken egter nie die verbreking van diplomatieke betrekkinge nie. Die Russiese onderwysers het aan die pers gesê dat sy nie selfmoord wou pleeg nie, maar ontsnap uit die hande van die Konsul.

## *V.S.A. WIL ONDERWYS REINIG VAN ROOI INVLOEDE*

**Die Amerikaanse kommissie wat die bedrywighede van die Kommuniste ondersoek sal in die komende maande 'n deurtastende ondersoek instel om skole, universiteite, kolleges en die pers te suiwer van Kommunistiese invloede.**

**Onderwysers, skoolhoofde, lektors, ens., sal voor die kommissie gedaag word om vrae te beantwoord. Studente en oudstudente sal ondervra word om lig te werp op die optrede van sommige van hul onderwysers en professors. Die privaat lewe van onderwysers en professors sal ook nagespeur word om vas te stel of hulle nie met die Kommuniste simpatiseer nie.**

## Swartmark In Boumateriaal

Daar sal drasties teenoor diegene opgetree word wat swartmark bedryf met boumateriaal, het die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, verlede week gesê toe hy sakemanne in Kaapstad by geleentheid van 'n vergadering van die Afrikaanse Sakekamer toegespreek het.

Die Minister het gesê dat dit nie verskil sal maak aan watter ras die swartmarkhandelaars behoort nie en daaraan toegevoeg dat hulle geen genade van hom moet verwag nie. Die polisie het hul medewerking toegesê.

## Ondersoek Na Onreg Gepleeg In Staatsdiens

Die regering het besluit om 'n ondersoek te laat instel dwarsdeur die openbare dienste in die land en om so reg te laat geskied aan persone wat deur die vorige regering veronreg is. Die werk sal nie deur een kommissie gedoen word nie, maar deur 'n reeks kommissies van ondersoek, en sal onder andere aandag skenk aan amptenare wat geïnterneer was.

## Vars Brood Na Twee Jaar

Soldate sal nou in staat wees om brood te eet nadat dit twee jaar oud geword het. Die Amerikaanse leër het vars brood nadat dit afgekoel het, ingemaak en na twee jaar gevind dat dit nog heeltemal vars en eetbaar is. Dit was net effens droog. Die brood kan weer klam gemaak word deur die blikkie bietjie te verhit voordat dit oopgemaak word.

# HOE NUWE SAMEWERKING MOONTLIK KAN LYK

**Die praktiese betekenis van die Ossewabrandwag se partylose staatsidee kan miskien vir die huidige daarin geleë wees dat alle organisasies, met uitsluiting van die uiterste liberaliste en kommuniste, tot samewerking kom sover dit die dinge betref wat vir almal gemeenskaplik is. Dit is die gedagte wat uitgespreek word in die slotartikel van „Kaalkop," skuilnaam van 'n Afrikaanse staatkundige, in Dagbreek in verband met groter samewerking op politieke gebied. Hy skryf:**

Niemand kan sê hoe die politieke konsolidasie uiteindelik tot stand sal kom en wat sy presiese vorm sal wees nie. Die leiers van die hede en die toekoms sal onder die opperleiding van die Almagtige dit op sy tyd bepaal.

Maar in beskeidenheid kan die eerste stappe daartoe wel enigsins vooraf vermoed en aangedui word. Laat ons gesamentlik 'n skugtere poging daartoe waag.

Vireers moet dan vasgestel word dat genl. Smuts en sy aanhang 'n noodsaaklike element daarin is, omdat in hom veral die idee van Suidelike Afrikaanse konsolidasie beliggaam is en omdat sy groep die hoofmassa van die Engelssprekendes bevat, wat nie gemis kan word nie. In 'n koalisie sou hy geskiktelik die posisie van Goewerneur-generaal kan beklee, maar hy sal bereid moet wees om 'n deel van sy aanhang prys te gee, naamlik die meer liberalistiese kapitaliste en siosialiste.

### NASIONALE ASPIRASIES

Ten tweede moet dr. Malan en sy party, nadat hulle die allernoodsaaklikste opruimingswerk in die staatsmasjinerie in Afrikaans-nasionale sin verrig het, die skakeling met genl. Smuts se groep bewerkstellig, omdat deur hulle verseker sal word bevrediging van die tradisionele nasionale aspirasies van die Afrikanerdom in die koalisie. Dr. Malan self is die aangewese Eerste Minister in sodanige koalisie, maar hy sal waarskynlik ook 'n deel van sy gevolg moet prysgee om met die nasionaal-sosialiste te dien as teenhanger teen die liberaliste en kommuniste en in sekere sin saam met hulle die rol van opposisie te vervul, so lank daar nog ruimte sal wees vir opposisie, dit wil sê tot die wêreldstorm losbreek.

### DR. VAN RENSBURG

**Eindelik moet op die agtergrond en op later stadium 'n besondere plek ingeruim word aan dr. Van Rensburg, omdat hy, nieteenstaande sy ongelukkige oorbeïnvloeding in die verlede, deur die Duitse ideologie, tog die idee van die toekoms in kiem verteenwoordig. Met die oog daarop is dit moontlik goed dat hy met behoud van sy organisasie-identiteit inskakel in die nasionale partywese, omdat daardeur reeds by voorbaat die moontlikheid van samewerking, nieteenstaande verskille, geïllustreer word. Miskien is juis dit die praktiese betekenis nou reeds van sy skynbaar onprak-**

## Betekenis Van O.B. Daarin

**tiese toekomsidee van die „partylose republiek", naamlik dat partye en groepe saamwerk asof hulle nie partye is nie, skaplik is, met reservasie vir naamlik in alles wat gemeenskaplik is nie — 'n saamwerking waaruit slegs die diamentraal teenoorgestelde uitgesluit is, met name die kommunisme en, sy voorloper, die liberalisme.**

In elk geval kan na alle kante toe iets beters verkry word as wat ons nou het, indien wedersydse wanvoorstellings uitgeskakel word, ten opsigte van elke groep die elemente en aspekte beklemtoon word wat tot groter saamwerking kan lei in die sake wat in die huidige tydsgewrig van aktuele lewensbelang is. Mag dit so word!

## BOM BESEER TWEE SEUNS

Pieter en Heine, die 12- en 10-jarige seuns van dr. en mev. P. A. Brandt van Potchefstroom, verkeer tans in die Potchefstroomse Hospitaal nadat hulle die middag van die 15e Augustus deur 'n ontploffende bom getref is. Hulle het die bom, wat omtrent 9 dm. lank was, in die veld buite Potchefstroom opgetel en huistoe geneem. Terwyl hulle daar met die bom gespeel het, het dit afgegaan. Albei is ernstig verwond in die onderlyf en bene, terwyl party skerwe ook skade in die huis aangerig het. Volgens laatste berigte maak die twee goeie vordering. Heine, die jongste, is 'n lid van die Boerejeugveldkornetskap JE8/1 van Potchefstroom sedert 1944. —(Korr.)

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***


• WAARDE • KWALITEIT • VERSKEIDENHEID

diens

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.


# PARTYSTELSEL RAAK IN STEEDS WYER KRINGE ONBEMIND

**Dit is opvallend hoe daar sedert die begin van die parlementsitting verskeie stemme teen die party-politiek en die parlementêre stelsel soos ons dit ken, opgegaan het. Eers het dr. T. W. B. Osborn, L.V., 'n pleidooi gelewer dat die partypolitiek laat vaar moet word wanneer dit oor groot volksvraagstukke gaan. Die afgelope week het nog drie persone hul stemme teen die bestaande praktyk verhef.**

Maj. K. Ueckermann, L.V. vir Nigel, wat die afgelope week 'n vergadering van die Sons of England toegespreek het, het verklaar dat in die huidige politieke situasie eerlikheid en opregtheid oor boord gegooi word. Mense in die parlement probeer deur middel van belaglikhede voordeel te behaal. Daar is geen konstruktiewe beleid nie en elke saak word net vanuit 'n partypolitieke oogpunt benader, het hy gesê.

**„Die tyd het aangebreek dat daar gelet moet word op watter man na die parlement gaan en nie watter party hy verteenwoordig nie. Hoe gouer ons 'n klomp eerlike mense kry om die land te bestuur, hoe beter.**

„Jaloesie, gekonkel en suspisie is besig om die land te verwoes." Die parlementêre stelsel moet hervorm word sodat die nadruk op die individu val eerder as op die party, het hy gesê, volgens berig in die Cape Argus.

### TREE UIT POLITIEK

Dieselfde blad publiseer ook 'n verslag waarin mnr. J. D. de Villiers, voormalige provinsiale sekretaris, verklaar dat hy uit Verenigde Party bedank. Ondervra deur die blad het hy verklaar dat hy nie by die Nasionale Party aangesluit het nie en dat hy ook nie as 'n kandidaat gaan staan nie. „Ek het geen tyd vir politici nie," het hy gesê. „Hulle is meesal 'n oneerlike klomp."

### ENGELSE PREDIKANT

Nog 'n aanval op die partystelsel is afkomstig van eerw. Francis A. W. Rutherford. Hy skryf onder meer in die Cape Argus: „As 'n diensdoende predikant is ek, soos ek glo elke Christelike predikant moet wees, aan geen politieke groep verbonde nie. Dit is 'n saak van groot teleurstelling dat moderne politieke leiers hulle so blind staar op hul eie

(vervolg van vorige kolom)

belange dat hulle elke eerlike onafhanklike kandidaat dwarsboom wat sy dienste vry van die parlementêre koukus in die naam van gesonde verstand en rede bied.

**„Die gevolg is dat dit nie saak maak watter party die loot wen nie, daar sal altyd minder en minder vryheid wees en al meer regering deur middel van regulasies. Om te praat, word 'n misdaad as dit nie 'n uitlating is wat partydig vir die party is nie. Die gevolg is nie, en kan nooit demokrasie wees nie."**

## Saak Uitgestel In Verband Met Verkiesing

Die eerste hofsaak oor die uitslag van die verkiesing het verlede week gedien toe die uitslag van die verkiesing in Johannesburg-Wes ter sprake gekom het. Die hof het egter toegestaan dat die saak uitgestel word, aangesien die volksraad nog sit en die betrokke lid, mnr. S. J. Tighy, nie aanwesig kan wees nie. Die saak sal dien sodra mnr. Tighy van sy parlementêre verpligtings in Kaapstad onthef is.

Dit is nou ook waarskynlik dat die saak van mnr. John Vorster in Brakpan en dié van mnr. Ben Schoeman in Maraisburg, ook later sal dien en nie op die datums wat daarvoor vasgestel is nie.


BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.



KOM VIER FEES!
GROOT LENTE-FEES
by MNR. A. M. MOSTERT
op 2 OKTOBER 1948
RIETBULT — BALFOUR, TRANSVAAL
KOM KYK HOE WORD 'N HELE OS GEBRAAI!
KOM EET HOM OP!
KOM WEN 'N FRIESVERS!
Skaapvleis, beesvleis en al die ander lekkernye volop.
GROOT VERSKEIDENHEID VAN VERMAAKLIKHEDE!
VLIEGTUIGRITTE WORD GEREËL
KOM! BOERE! KOM!!
1/9/4


ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.

DIE O.B., WOENSDAG, 1 SEPTEMBER 1948

# ONS BEGIN ENERS PRAAT

In sy toespraak by geleentheid van die O.B.-verjaardagviering verlede week het mnr. Stirling G. Low, leier van die H.N.P. in die Paarl, 'n uitlating gedoen wat van besondere betekenis is, nie net weens die inhoud daarvan nie, maar ook weens die feit dat dit kom van iemand wat midde in die partypolitiek staan waar as reël geld dat die wat nie met jou is nie, teen jou is. **Mnr. Low het naamlik beklemtoon dat eenheid nie enersheid moet wees, en dat belangrike resultate behaal kan word deur gesamentlike kraginspannings van organisasies wat langs mekaar beweeg, soos die uitslag van die verkiesing in die moeilike Paarl-setel bewys het.**

'n Aantal jare gelede het dr. Van Rensburg dieselfde gedagte met 'n ietwat verskillende nuanse benadruk toe hy gesê het dat eenheid nie eensaamheid beteken nie. En ons kry dieselfde onderstreping in die reeks artikels van 'n mede-werker in die onafhanklike blad Dagbreek, waar gepleit word vir 'n groot sameskakeling van politieke partye en groepe op punte van gemeenskaplike belang. Terselfdertyd gaan daar in die jongste tyd nouliks 'n dag verby of die een of ander vooraanstaande persoon, selfs parlementslede, bekla die feit dat ons tot so 'n groot mate mekaar kunsmatig beveg oor sake ten opsigte waarvan ons in hoofsaak saamstem. Ons dink by voorbeeld aan die uitlatings van dr. T. W. B. Osborn oor die naturellevraagstuk die afgelope week.

## Die Volk Dink So

**Hierdie uitlatings uit verskillende hoeke van ons openbare lewe is 'n baie betekenisvolle verskynsel en kan ongetwyfeld beskou word as 'n duidelike simptoom van 'n politieke reoriëntasie in die boesem van ons volk. Dit is 'n teken daarvan dat ons volk in sy verskillende skakerings moeg begin word vir die grootliks kunsmatige bekamping van mekaar op 'n tydstip wanneer die hele wêreld in afwagting van ontsettende gebeurtenisse saamkrimp tot 'n gemeenskaplike front so omsluitend as moontlik.**

Hierdie behoefte aan samesluiting van kragte staan in sterk reliëf teen die agtergrond van die kleinlike maneuvrering om partyhandhawing wat op hierdie oomblik in die parlement aan die gang is. Die regering het sy voorneme te kenne gegee om die Wet op Indiër-verteenwoordiging te herroep. Dit het konsternasie in die geledere van die opposisie-party veroorsaak — **nie omdat hierdie party dit as 'n politieke misstap van die regering beskou nie, maar omdat dit 'n stryd in sy eie boesem veroorsaak. 'n Groot deel van die Verenigde Party-lede stem volmondig saam met die regeringsbeleid in hierdie verband. Lede uit Natal het selfs spesifieke opdrag van hul kiesers om hulle vir herroeping van die wet te beywer. Die Engelse pers self maak geen geheim daarvan dat die Verenigde Party oor die saak verdeeld is nie. Nogtans kan aangeneem word dat die party-dissipline of, soos dr. Malan dit agtien maande gelede in verband met dieselfde aangeleentheid genoem het, die „tirannie van die partysweep" daarvoor sal sorg dat die Verenigde Party blokvas teen herroeping van die wet sal stem. Tientalle lede sal teen hul gewete en teen die oortuiging van hul kiesers by 'n hoofdelike verdeling stem op 'n punt waaroor 90 persent van die blankes dit roerend eens is.**

## Geharde Sondaars

Hierdie toestand van kunsmatige bevegting van mekaar het blykbaar nou 'n hoogtepunt bereik waar selfs geharde parlementariërs daarvan begin walg, en vir verligting dit gaan uitstort op allerlei nie-parlementêre geleenthede. So het, naas dr. Osborn voor die een of ander vereniging, ook maj. K. Ueckermann, L.V., aan die Sons of England verlede week gaan beduie dat daar dees dae in die parlement „geen opbouende beleidsrigtings is nie" en dat „jaloesie, knoeiery en agterdog besig is om die land te verreneweer."

As oplossing bied hierdie Verenigde Party-organiseerder aan dat die parlementêre stelsel so hervorm moet word dat die nadruk op die individu val en nie op die party nie. **En daaruit straal nog 'n verdere punt van enerse denke, want hoelank bepleit die Ossewabrandwag nie presies dieselfde soort hervorming nie, en hoelank het propagandiste van die Verenigde Party hierdie O.B.-beleid aan die Sons of England en landsburgers voorgestel as „fascisme!" En hulle het dit gedoen nie omdat hulle geglo het wat hulle sê nie, maar omdat dit deel was van die spel van „jaloesie, knoeiery en agterdog" wat die parlementêre stelsel met hom uit Engeland meegebring het.**

As die tyd ooit ryp was vir die gedagte van eenheid — daardie eenheid in verskeidenheid — wat die Ossewabrandwag tien jaar lank verkondig het, dan is dit nou, en as 'n idee ooit praktiese politiek was, dan het die tydsomstandighede waarin ons lewe praktiese toepassing daarvan nou noodsaaklik **en moontlik gemaak wanneer mense in teenoorgestelde kampe al begin eners praat.**

# KOLONEL CRESWELL

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, skryf as volg na aanleiding van die dood van kol. F. H. P. Creswell:

Namens die Ossewabrandwag en namens myself wil ek ons respekvolle simpatie betuig met die heengaan van kolonel F. H. P. Creswell.

Persoonlik had ek die eer om, as privaat-sekretaris van wyle adv. Tielman Roos, sedert 1924 dikwels met kolonel Creswell in aanraking te kom en uit hierdie kennismaking — al was dit ook dié van 'n junior teenoor 'n senior — het 'n respek en 'n agting gekom wat tot op vandag nooit verminder het nie.

Die Nasionale oorwinning van 1924 was buite kwessie as dit nie vir die ooreenkoms en die samewerking met die destydse Leier van die Arbeidsparty, kolonel Creswell, gewees het nie. Generaal Hertzog, iemand wat hoë eise van eerbaarheid gestel het aan diegene met wie hy bereid was om saam te werk, het in die loop van die politieke geskiedenis 'n stygende agting vir die opregtheid en die eerlikheid van sy kollega gekry, soos ek uit gesprekke met Generaal self ondervind het.

Met die afsterwe van hierdie Engelssprekende Afrikaner van groot formaat en van ongetwyfelde gehegtheid aan sy nuwe vaderland en landgenote het 'n gevoelige leemte in ons publieke lewe gekom.

Uit die krag van sy persoonlikheid en sy deursettingsvermoë, wat steeds ten bate van die swakkeres aangewend was, het hy bokant die partygrense uitgesteek.

Sulke figure kan swaar in ons volk met sy menigvuldige probleme gemis word.

## Stroom Neem Af

**Die mening dat die stroom immigrante na Suid-Afrika aan die afneem is omdat die na-oorlogse stormloop besig is om vanself te bedaar, is uitgespreek deur die Londense sekretaris van die 1820 Setlaars-vereniging.**

**Hy verklaar dat die hoeveelheid navrae wat hy nou ontvang om na Suid-Afrika te gaan, soveel is as wat onder normale omstandighede emigreer. Dit het aansienlik afgeneem.**

## Wil Gestolde Petrol Maak

'n Proses om gestolde petrol te vervaardig, word tans deur militêre wetenskaplikes in Amerika vervolmaak. Hulle verklaar dat dit moontlik is om enige soort brandstof in vaste of half-vaste toestand te verander sonder om die gehalte daarvan te verander.

Gestolde petrol het die voordeel dat dit nie ontplof nie en gevolglik baie meer veiligheid sal meebring. Die enigste beswaar daarteen is op die oomblik dat die proses te duur is.

**Die regering het** nog nie die moontlikheid oorweeg om die Skotse rokkie en die rooilussie af te skaf nie, het die Minister van Verdediging in die volksraad aangekondig.

# VOORUITGANG VAN TABAK-NYWERHEID IN UNIE

**Onderwyl daar in verskillende dele van die wêreld 'n groot tekort aan tabak ondervind word, toon die nywerheid 'n groot uitbreiding in Suid-Afrika.**

Waar die United Tobacco Companies in 1906 nog alle voorrade blaartabak vir die maak van sigarette moes invoer, is in 1946 slegs 1½ persent hiervan ingevoer. Die res is deur die Unie en Rhodesië geproduseer. Die oorspronklike fabriek wat in 1906 in Kaapstad opgerig is, is vandag tenspyte van uitbreidings van tyd tot tyd, heeltemal te klein. Nuwe fabrieke verrys nog steeds. Die eerste toevoeging van die U.T.C. was 'n moderne fabriek in 1926 te Observatory en daarna in 1943 een op Rustenburg vir pyptabak. Tans is drie fabrieke in aanbou in Durban, Johannesburg en Bloemfontein.

Die maatskappy het reeds 6,000 werknemers in diens. Behalwe tabak en kapitale goedere koop die maatskappy jaarliks vir 'n bedrag van £850,000, waarvan £500,000 goedere is wat in die Unie vervaardig word. Dit sluit in gedrukte karton, dosies, sakkies, indraaipapier, kurk, ens.

Die vernaamste tabakproduserende streke in die Unie is Transvaal en die Oudtshoorn-distrik. In 1945-46 het die maatskappy ongeveer 91 persent van sy tabak in Transvaal gekoop.

## Honde Vang Moordenaars

Polisiehonde was die afgelope jaar verantwoordelik dat verskeie moordenaars na die galg gestuur is. Die name van hierdie honde word spesiaal genoem in die jaarverslag van die Kommissaris van Polisie wat die afgelope week in die volksraad ter tafel gelê is.

In een geval is 'n meisie langs die Bergrivier vermoor. Die hond wat op die spoor van die vermeende moordenaar gesit is, het die spoor sewe myl ver gevolg — die rivier is 'n paar keer oorgegaan. Die volgende dag is die soektog verder voortgesit en die moordenaar opgespoor wat later tot die dood veroordeel is.

Toe 'n boer in die Vrystaat vermoor is, is die reuk van die skoene van die moordenaar aan die hond gegee wat die reuk drie myl gevolg het tot waar die moordenaar die nag in die berg geslaap het. Daarvandaan is die nuwe spoor twee myl gevolg totdat die naturel opgespoor is. Ook hy is ter dood veroordeel.

# L.V's PAAR AF

Om te voorkom dat die regering se klein minderheid nog kleiner word wanneer mnr. Eric Louw vandeesweek na Parys vertrek, het die Swepe aan die regeringskant die Swepe van die Opposisie genader dat 'n lid van die Opposisie vir die res van die sitting na 2 September teen mnr. Louw afgepaar moet word, volgens 'n berig in Die Burger.

Die blad berig dat die opposisie dit gunstig oorweeg. Dit wil egter voorkom asof verskeie lede van tyd tot tyd afgepaar sal moet word omdat geen enkele lid van die opposisie solank afwesig van die raad sal wees nie.

## Working Knowledge

Een van die nuutste vereistes vir kandidaatskap van die Verenigde Party is glo om te weet wanneer om „Boetie" en wanneer om „Oom" te kan sê op die platteland. Volgens 'n berig in Die Burger was dit glo een van die redes waarom maj. Piet van der Byl die benoeming in Groenpunt verkry het — hy kan glo met die platteland in hul eie taal gesels, het 'n V.-P.-voorman op 'n vergadering gesê.


**FONDSDAG - FUNKSIE**

**Ceres se O.B.-kommando hou 'n basaar op**

***WOENSDAGAAND — 8 SEPTEMBER***

**IN DIE STADSAAL — CERES**

*DIE VERRIGTINGE NEEM 'N AANVANG OM 6-UUR MET 'N AANDETE.*

**Om presies 8-uur word 'n vergadering gehou waar as spreker optree ADV. J. DE VOS.**

- **Alle goedgesindes — ook van omliggende distrikte — word hartlik uitgenooi.**

ONS HET DIE ONDERSTEUNING VAN ADVERTEERDERS NODIG OM ONS BLAD UIT TE GEE, MAAR DIE ADVERTEERDERS HET ONS ONDERSTEUNING NODIG OM IN ONS BLAD TE KAN ADVERTEER.

# Kindertraantjies Op Bermuda

„Oom Gandhi", Kaapstad, skryf: Ek sit verlede week in 'n Kaapstadse Koffiekamer, diep in bepeinsing. Ek word vriendelik deur 'n naderende man begroet, wat my op my familienaam aanspreek, en my beleefd vra of hy wel die ander sitplek by my tafeltjie mag inneem.

Hiervan en daarvan eers gepraat, was dit nogal wonderlik gou wat hy my die vraag ook stel of ek dan nie agter die doringdraad gesit het nie. 'n Bevestigende antwoord het hom nie juis tenvolle bevredig nie, want hy wou ook nog eers weet wat ék dan sou gesondig het? Hierop het ek hom toe met 'n mate van lydelike verset, maar tewens ook sonder om in die minste skaam te voel, moes meedeel dat ek in 1941 in werklikheid en sielkundig geweier het om soos „Oupa John" wydsbeen oor die see te staan.

Van die kamplewe op Koffiefontein het ek hom o.a. dan ook 'n paar staaltjies vertel van my hutmaat, 70-jarige „Oom B." wat tydens die Engelse oorlog as krygsgevangene in Bermuda was, met die 1914-opstand in die Kimberleyse Kafferkompongs en eindelik in 1943 in ons Vrystaatse Afrikanerkamp. — En hoe die oom ons met verontwaardiging vertel het van drie medekrygsgevangenes op Bermuda, van 7, 9 en 10 jaar oud.

Veral het ons in die hut dit hartbrekend-interessant gevind toe die oom veral vertel hoe swaar hulle dit 48 jaar gelede gevind het om die sewejarige klein knapie getroos te kry, as dit veral aan geword het en die outjie dan begin het om na sy huis te verlang en na sy moeder te roep.

Hierdie onthulling van oorlogschristelikheid was vir my as jarelange geskiedenisstudent werklik ontnugterend en ek kan dit maar nie vergeet nie.

My koffie- en pannekoekvriend in die teekamer het gaandeweg, by die aanhoor van my mededeling, 'n glimlag op sy gesig ontwikkel; en toe ek klaar was, met sy voorvinger op sy bors, en effens vooroorbuigend, so half fluisterend my toegevoeg: **„En hier sit nou die betrokke 7-jarige seuntjie van Bermuda voor u!"**

Gewapen met 'n paar name en adresse in my sak, hoop ek om later in hierdie blad die hele storie in al sy geure en kleure mee te deel, asook die rede te openbaar waarom nou juis so 'n knapie as krygsgevangene sy traantjies op Bermuda moes gaan uithuil.

# 80 Redes Vir Draadknip

**Mnr. P. D. Jacobs, Paardeberg, O.V.S., skryf:** Aan „Neef Nico" en Kanoneiland se „Nasionalis", wil ek meedeel dat gedurende die oorlogsjare op Paardeberg, O.V.S. 80 arm blanke Nasionaliste, wat telefoonlyne gebou het, afgedank is, en om 'n heenkome te vind vir siel en liggaam, moes hulle by Jan Smuts se leër aansluit om vir Britse imperialisme te gaan veg. 'n Paar dae na die afdanking is die hoofverbindingslyn tussen Bloemfontein en Kimberley op twee plekke geknip deur die sogenaamde geïnterneerde O.B.'s. Nie vir sabotasieskending van eiendom nie, maar om werk en terugroeping van daardie 80 arm Nasionale burgers sodat hulle as slagoffers van Britse imperialisme kon ontkom.

So was dit ook die geval met die sogenaamde poskantoor en alle gevalle.

Sien u, „Neef Nico", en „Nasionalis", waarvoor die „roekelose bevele van die O.B.-offisiere" — soos u dit noem — gedien het, en die kosbare lewensjare — ook soos u dit noem — verslyt is?

Eer saam met ons daardie geïnterneerde helde, wat die moed gehad het ook soos Jopie Fourie en andere, om hulself en hul alles te offer met die daad, vir hul mede-Afrikaner en vaderland.

Die getwis is net ter verheerliking van die vuil uitheemse politiek en Jingoïsme.

# Groter Sondaars?

**Mnr. G. F. J. van Rensburg, P.K. Amalia, skryf:** Net 'n kort woord aan „Nasionalis" van Kanoneiland. Hy is mos bang om sy naam te teken. Is 'n mens se naam dan nie die hoofsom van jou woord nie?

Ek wil nie oordeel nie, maar net dit voorhou: Lees Lukas 13 van vers 1 tot 5, en vra uself af of u dink die O.B.'s is groter sondaars as die H.N.P.'s of V.P.'s?

# Was Uitdaging Aan Vreemde Owerheid

**Mnr. G. H. de W. Ballot, Harrismith, skryf:** Ek wil net aan diegene sê wat skrywe oor die loslating van die vier politieke gevangenes dat die dade van hierdie manne gedoen is uit protes teen Suid-Afrika se deelname aan 'n onheilige oorlog wat tot Neuremberg gelei het. In plaas van onverantwoordelike en grootdoenerige toesprake te hou, het die vriende liewers hul lewens gewaag vir hul oortuiging en dade gepleeg met die volle wete dat dit hulle nie vet salarisse of sagte kussings sal besorg nie, maar inteendeel die smaad van die gevangenis.

Dat daar by Benoni 'n ongeval was, was nie opsetlik nie, en bloot 'n ongeluk. Die pad van Suid-Afrika is gebaan deur manne en vroue wat die moed gehad het om 'n volksvreemde owerheid uit te daag. Die dade van daardie manne word nie vandag beskou as wandade of sondes nie.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

# O.B. En Bevele

**Mnr. D. P. Ackermann, Goodwood, skryf:** Graag wil ek ook my opinie lug omtrent „Neef Nico" en „Nasionalis" se briewe. Laasgenoemde wil graag weet of die O.B. enige direkte aandeel in die sabotasie gehad het. Al raad wat ek aan „Nasionalis" kan gee is om maar „Neef Nico" se woord te neem. Hy skryf mos van ope grafte wat veroorsaak was deur roekelose bevele van O.B.-offisiere.

„Neef Nico" weet natuurlik beste. Hy is natuurlik op hoogte van sake sover dit O.B.-bevele aangaan. „Nasionalis" sal seker ook nie my woord neem nie, omrede ek nog nie een aangetref het wat ek kan oortuig van die misverstand waaronder sommige mense verkeer nie.

Sedert 1939 het ek self nog nooit 'n bevel gekry om so 'n misdaad te pleeg nie. So wat gedoen was, was, soos „Neef Nico" gesê het, die vrugte van hul oortuiging. Hierdie manne het dit gedoen met 'n wrok in hul siel sonder om hulself af te vra, wat gaan die gevolge wees?

Ek stem nie daarmee saam dat hulle deur hul optrede as volkshelde beskou moet word nie. Afgesien van „Neef Nico" se bitterheid kan ons darem die kêrels 'n handdruk gee; tenspyte van hul foute is hulle nogtans nie van die papbroeksoort wat graag met hul identiteit op die agterkant van hul baadjie-lapel loop nie.

Teenswoordig is die O.B. in 'n gunstiger posisie; ons kan onsself op die A.P. beroep. Derhalwe is dit ook nie wenslik dat Nasionale blaaie ons verder sal beveg nie, soos tot onlangs nog. „Nasionalis" het seker maar min sy „Kruithoring" gelees.

**ANDER BRIEWE OP BLADSY 6**

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

# Jeugdige Stryders — 'n Wedstryd

In hierdie kolomme verskyn 'n mededeling van „Oom Gandhi" omtrent 'n sewejarige seuntjie wat krygsgevange tydens die Tweede Vryheidsoorlog was. Daar was meer van hulle, hoewel miskien nie almal so jonk nie. Die O.B. wil aan sy lesers geleentheid bied om aan hierdie kinders wat in diens van die vryheidstryd gestaan het, reg te laat wedervaar deur hul aandeel aan die vergetelheid te ontruk. Daar is ander kinders wat ook onder die wapen was, hoewel nooit gevang nie. Ook hulle moet aan die nageslag bekend gestel word. Ons wil daarom nie net 'n uitnodiging nie, maar 'n dringende beroep doen op lesers wat mededelings het omtrent jong kinders wat aan die Vryheidstryd deelgeneem het, om dit aan ons te stuur vir publikasie in Die O.B.

Om dit interessanter te maak, bied ons 'n prys van £1 10s. aan vir die interessantste mededeling en 'n tweede prys van 15 sjielings. Die een of ander uitstaande avontuur wat so 'n knapie deurgemaak het, mag miskien baie daartoe bydra om kleur aan die vertellinge te verleen, hoewel dit nie 'n vereiste is nie. Waar portrette die stukke kan vergesel, sal ons graag ook daarvan gebruik wil maak.

Tot die prysgeld het „Oom Gandhi" £1 bygedra, waarvoor die redaksie hom dank.

# GAAN ATOOMBOM 5,000 MYL VER ALLEEN STUUR

Doelbewus gerigte projektiele wat in staat is om 'n atoombom 5,000 myl ver te dra, word deur die Amerikaanse lugmag beplan. Hierdie belangrike feit word bekend gemaak in 'n verslag van gel. Carl A. Spaatz, afgetrede lugmaghoof, en tans sekretaris van verdediging.

Die projektiel sal nie vanuit 'n vliegtuig geskiet word nie, maar vanaf die grond. Genl. Spaatz verklaar dat aangesien daar geen verdediging teen hierdie wapen is nie, Amerika die eerste moet wees om dit te maak.

Dit is bekend hoe die Duitsers gedurende die oorlog selfaandrywende projektiele vanuit Frankryk en Duitsland op Brittanje laat reën het. Daar is selfs aanspraak gemaak dat die voltooiing van 'n projektiel wat in staat sou wees om New York te bereik, nie meer ver was nie. Daarby is daar 'n aansienlike aantal Duitse wetenskaplikes en deskundiges in Amerika wat net na die oorlog soontoe ontvoer is.

Gemeen word dat die projektiel reeds die proefnemingstadium verby is.



Genl. C. A. Spaatz.

**BARTELS'**
se pryse is verlaag!
*PAS INGEKOM:*
**1,000 LB.**
DROP ALLERHANDE
(Liquorice Allsorts)
1/8 per lb.
**1,000 LB.**
TURKSE VREUGDE
(Turkish Delight)
1/2 per lb.
**BARTELS'**
*ENIGSTE ADRESSE:*
Pleinstraat 96-98
Kerkstraat 9

**RADIOTRONICS**
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
ELEKTRIESE APPARAAT
(Onderneem ook yskashersteIwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

U kry feitlik die mooiste verskeidenheid
*Wasbare Tabberds*
BY
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

*Stem vir*
W. H. RÖHM
Kandidaat in
MUNISIPALE VERKIESING
GOODWOOD
Wyk No. 1
●
*Stemdag:*
6 SEPTEMBER
(van 8vm. tot 7 nm.)
*Stembus:*
Rooms-Katolieke Kantoor,
Andersonstraat 20,
Goodwood.
★ Ek doen 'n beroep op alle kiesers om te sorg dat hulle op 6 September hul stem uitbring op die regte kandidaat. Ek het die laaste twee verkiesings gewen, dien die afgelope vier jaar al in die Raad, en is die huidige onderburgemeester.
★ Sal alle goedgesindes wat met motors wil help asb. met my in verbinding tree. Adres: Beaufortstraat 36, Goodwood — Telefoon 98-227 of 98-351.
25/8/2

● VIR DIE STUDENT, Joernalis, Reisiger —
Die Nuwe Draagbare
„CORONA"-TIKMASJIEN
vergemaklik al u skryfwerk, hanteer maklik, in 'n deftige dra-kassie.
PRYS £26/10/- Kontant
*ALLE KANTOORBENODIGDHEDE VOORRADIG*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 322,
ADDERLEYSTRAAT - KAAPSTAD.
Telefoon 2-7071

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.**—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.),** P.K. Hoekwil, **George.** 28/7/TK

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:—**VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11.

**MEUBELS** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.—**UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**GEREGISTREERDE SHORTHORN-BUL,** 4 jaar, uit Tukula Hero by Haslop Pancake, geteel deur Hatting, Motkop. Prys £40. — **A. C. JOYCE,** Rietfontein, **Bethal.** 1/9/1

**HUDSON 112-SEDAN,** 1938-model, in goeie toestand binne en buite: 65,000 egte myle, bande goed, £160 of naaste aanbod. Navrae en besigtiging: **BASSON SE GARAGE,** Foon 4, Riebeeck Kasteel. Eienaar: H. Hofmeyr, Drostdy, Worcester. 1/9/1B

**KUIKENS** dadelik verkrygbaar. Australorps en Leghorns teen £6 per 100. Kruis teen £5 per 100. Ses weke kruis kuikens teen £12 10s. per 100. Drie maande oud kruis hennetjies teen 10/- stuk. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens. Bestel dadelik en voorkom teleurstelling. **H. R. MALAN,** Weltevrede Pluimvee Plaas, P/K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203. 18/8/T.K.

**PATATRANKE.** — Drie-maande Wit, 5/- per 1,000; ses-maande 5/6 per 1,000. K.M.B. — **P. J. BOTHA,** Hoekwil, George. 25/8/4

Plaas Fouriesburg distrik, O.V.S., drie myl van stasie en dorp, 228 morge en enige roede, pragtige lande en weiveld. Bus en pos daeliks en halt op plaas. Huis en buitegeboue modern. Besigtiging uitgenooi. Vry van onkruid. Besonderhede op aanvraag. Foon 1602, Du Toit, Hennie. 18/8/3

1 **Ruston Hornsby Diesel-engine,** 10-15 p.k., 1947-model, feitlik nuut. Prys £150. — Aanvraag: **I. M. Verwey,** Pou-Kop, Aberdeen. 1/9/1

**SOUT.** — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komdte mevr. Martie Venter,** Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

Speelskeie, bottelvorm teen 3/9; kopskeie 4/6; agtkantig 5/-; dubbelkop 5/6; een paar muilswingels teen 5/6; een trekdonkie 5/-. — **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 4/8/8.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjiene; stofsuiers en politoerders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. 18/8/T.K.

# Swaar Rookwolk Hang Oor Tabaklose Brittanje

**Waardevolle werksure het die afgelope weke in Brittanje verlore gegaan omdat die gemiddelde Britse werker wat onder die knellinge van die lewe meer belangstel in sy rookgoed en dobbel, daagliks ure lank toustaan om sigarette en tabak te bekom. Buitelandse joernaliste beskryf die toustanery om tabak as 'n „skadu wat oor die volk se ekonomiese herstelplan geval het." Vakbondleiers praat reeds van stakings as daar nie genoeg sigarette is nie.**

Daar het 'n nypende tekort aan tabak ontstaan as gevolg van die drastiese besnoeiing van die invoer uit Amerika om dollar te bespaar. Die gevolg is dat mans en vrouens van alle ouderdomme mekaar verdring om 'n paar sigarette in die hande te kry. Werkgewers verklaar dat daar 'n afname is in die produksiekapasiteit van die arbeiders sonder hul rookgoed.

Gedurende die eerste vyf maande wat Brittanje hulp onder die Marshall-plan ontvang het, het hy £4,000,000 van hierdie kosbare geld wat bedoel is om voedsel en kapitaalgoedere aan te koop, aan tabak bestee. Die korrespondent van die Sunday Times skryf in hierdie verband: „Maar die feit is dat rook een van die dinge is waaroor die Britse volk, wat in baie opsigte gedissiplineerd is, geweier het om agter die regering in te val." Hy voeg daaraan toe dat hoewel die regering tabak sedert 1945 swaar belas het, die verbruik daarvan toegeneem het.

**REBELLIE-PRAATJIES**

Selfs Britse koerante moet probeer om die onstuimige werkers wat dreig om te staak as hulle nie tabak kry nie, tot beter insigte te bring. Die Daily Mail skryf onder meer: „Daar is rook in ons oë en ons is nie in staat om dinge in die regte lig te sien nie. Daar is miskien te veel lawaai oor tabak. 'n Vakbondleier sê dat indien die werkers nie sigarette kry nie, hulle sal rebelleer en 'n ander verklaar dat die tekort aan tabak sal lei tot stakings . . . . Watter groter sabotasiedaad kan daar wees as 'n groot staking oor 'n tabakvraagstuk?" vra die blad.

Sommige Britte probeer nou self te voorsien in hul tabakbehoefte deur saad uit Amerika te bestel en by hul huise te plant. Die kwekery gaan glo voorspoedig, maar hoe dit met die bewerking daarvan sal gaan, is 'n ander vraag.

# Briefwisseling Met Duitsers

'n Jong Duitse weduwee wat al haar besittings deur die oorlog verloor het, het 'n korrespondensieburo in die lewe geroep en het aan Die O.B. geskryf dat sy graag met Afrikaners in aanraking wil kom (dames, mans, studente, seuns- en dogter-leerlinge) wat geneë sal wees om met persone in Duitsland 'n briefwisseling aan te knoop.

Die naam en adres is: Irmgard Kläpper, Internasionales Korrespondenzburo, Travemunde/Ostsee, Achterdeck 19, Schleswig Holstein, Britische Zone, Germany.

# MEER KORING

Die moontlikheid dat Suid-Afrika weer teen die einde van aanstaande jaar witbrood mag hê, is die afgelope week geopper deur mnr. P. J. Minnaar, voorsitter van die Koringraad.

Die Unie-regering en die Amerikaanse leër owerheid bespreek tans ook die moontlikheid om nog meer koring aan Suid-Afrika te verkoop. Dit sal 'n ruiltransaksie wees: Suid-Afrikaanse mielies vir Amerikaanse koring.

# Die Week In Oënskou

Vanaf Januarie 1949 sal dr. H. F. Verwoerd nie meer redakteur van Die Transvaler wees nie. In sy plek is aangestel mnr. J. J. Kruger. Dr. Verwoerd is gedurende die verkiesing in Alberton verslaan en het daarna senator geword. Die salaris hieraan verbonde is £1,000 per jaar.

Nege bestuurders van voetbalpoele sal op 8 September in die Kaapstadse magistraatshof verskyn op aanklag dat hulle die wet op loterye oortree het. Hulle verteenwoordig ses ondernemings.

Tiensjielingnote met 'n nuwe ontwerp het verlede week in omloop begin kom. Dit sal egter 'n tyd duur voordat dit algemeen is.

**Tydens die debat oor atoomwetgewing het genl. Smuts aan die lig gebring dat aansienlike hoeveelhede uraan (waarvan atoomkrag verkry word) in die Randse goudmyne aanwesig is. Dit is ook in boorgate van die Vrystaatse goudveld ontdek. Die moontlikhede wat dit vir Suid-Afrika inhou kan nouliks oorsien word, het genl. Smuts gesê.**

**Die wetgewing beoog algehele staatsbeheer van uraanbronne.**

Dr. C. G. S. (Con) de Villiers van Stellenbosch is aangestel as lid van die Radioraad. Behalwe as natuurwetenskaplike is hy welbekend vir sy belangstelling in musiek.

Die Engelse koning en koningin sal in Junie aanstaande jaar die Kaap aandoen onder weg na Australië. Versterking van die Ryksbande maak dit nodig dat die koning dees dae baie moet reis.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Sappe Het So Begin

**Mnr. C. Breed, Brits, Skryf:** Die snaakserige opinies van „Neef Nico" en „Nasionalis" in u uitgawe van 18 deser, laat mens dink aan die magistraat wat 'n boete opgelê het omdat 'n koei 'n buurman se tuin verniel het, maar toe hy verneem dat dit sy eie koei is, het hy skielik van mening verander en gesê: „Ja, maar dit is 'n ander saak."

Reken bietjie — veg teen die Engeland van 1899 sou iets anders wees as die veg teen 'n Engeland van 1939 wat ondergronds alles wou onderploeg wat Afrikaans is. Genl. De Wet, en later Jopie Fourie in 1914, mag veg teen Engeland, maar in 1939 sou hulle dit nie mag gedoen het nie en ook nie teen sy aanhangsel hier in Suid-Afrika nie. In 1914 kon jy 'n polisiestasie vernietig wat in vreemde diens was (soos Jopie Fourie gedoen het) maar in 1939 mag jy nie 'n poskantoor vernietig wat in dieselfde diens staan nie.

Geagte vriende, het Engeland dan sedert 1899 en 1914 verander? Moenie glo nie, maar dit is julle wat verander het en julle staan reeds so ver dat julle meen dat almal, behalwe die Afrikaner, sy regte mag verdedig. Want dit is mos onwettig, sabotasie en onkonstisioneel. As jy in 1899 vir kaptein Slegtkamp gesê het hy pleeg sobatasie deur sy eie land se brugge op te blaas, sou hy jou laat afransel het.

Ja, Lamsak ou maat, die Boere van 1939 het nie nodig gehad om oor te loop nie. Die maklikste is natuurlik om te sit en te leef van die krummels wat van die Engelse tafels afval en die vleispotte van Egipte is maklik bereikbaar. Moenie deelneem aan die vering van jou helde nie, want wat sal die Engelse dalk daarvan sê!

Die Sappe het netsoos hierdie manne begin. Ek het gesien hoe hulle eers gewyfel het, later brutaler en uiteindelik volslae nagemaakte Engelse geword het wat in 1939 nie geskroom het om hul eie volksgenote te vervolg nie.

Ek voel dat ons nou genoeg gehoor het van hierdie verraderlike stemme en laat hulle in die vervolg van hul lamsakkerigheid in die Engelse pers ontslae raak. Daar sal dit welkom wees. Wat ons betref, ons sal hulde bring aan die helde van 1899 en ook aan die van 1939. (Effens verkort).

(Die korrespondensie oor hierdie aangeleentheid word nou afgesluit.—Red.)

# KOL. CRESWELL OORLEDE

Die oud-leier van die Arbeidersparty, kol. F. H. P. Creswell, wat saam met wyle genl. J. B. M. Hertzog in 1924 'n koalisieregering gevorm het, is verlede week in Kaapstad in die hoë ouderdom van byna 82 jaar oorlede.

Kol. Creswell, wat 23 jaar lank leier van die Arbeidersparty was, was Minister van Arbeid in die pakt-kabinet en het as Minister agting afgedwing. Onder meer was hy verantwoordelik vir die Loonwet. Hy is in 1866 in Gibraltar gebore en het in Klein-Asië asook in Portugees-Oos-Afrika gewerk. In 1895 het hy na S.A. gekom en was betrokke by die mynstaking in 1914.

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..............................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..............................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..............................................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

*Brief aan My Partyvriend:*

# HOUDING TEENOOR PARTYE NOG NETSOOS IN 1939

Geagte Vriend, Jy skryf aan my dat na jou mening die Ossewabrandwag na die verkiesingsoorwinning van 26 Mei geen grond vir bestaan meer het nie. Ons het mos nou ons doel van 'n nasionale bewind verkry, en waarom nog die aandag van die parlementêre stryd aftrek deur 'n buite-parlementêre organisasie soos die Ossewabrandwag? Jy skryf ook dat dit nie vir jou duidelik is hoe die Ossewabrandwag kan voortgaan om 'n volkseenheidstaat te verkondig terwyl hy sy lede aanmoedig om by die Afrikanerparty aan te sluit nie. Dit lyk vir jou te teenstrydig.

Nou wel, ek sal op hierdie paar dinge probeer ingaan al moet ek 'n reeks briewe skryf om die saak behoorlik uit te pluis. Laat ons dan maar begin by die eerste punt, naamlik die verkryging van 'n nasionale regering. Om dit behoorlik te kan doen moet ons 'n bietjie teruggaan na die eerste jare van die Ossewabrandwag se ontstaan. Ek het nou die aand 'n bietjie ou lêers nageslaan, en ek was getref deur die toesprake wat op die heel eerste stigtingsvergadering van 'n O.B.-kommando gehou was. Dit was te Reitz op 17 Februarie 1939 — **'n halfjaar voor die uitbreek van die oorlog. Veral drie sake is op daardie vergadering beklemtoon, naamlik ons volkseenheid, opheffing van die arm deel van ons eie volk en die verkryging van die vryheid.** In 'n kragtige toespraak het veral mnr. P. J. Oosthuizen, een van die stigterslede laasgenoemde aspek beklemtoon en afgesluit met die Lied van Jong Suid-Afrika: „Die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of gewin het . . ."

Waarom dit my getref het, is omdat dit na tien jaar nog die drie hoofpunte van die Ossewabrandwag se doelstelling is.

### TOE OOK 'N PARTY

Op daardie tydstip was daar 'n Nasionale Party waaraan meeste van die O.B.-lede ook behoort het. **As die stigters van die O.B. gemeen het dat hierdie drie ideale deur middel van die partye verkry kon word, sou hulle seker nie die Ossewabrandwag gestig het nie. Hulle het gevoel dat daar iets meer as 'n politieke party voor nodig is, hoewel hulle nie die party weggewerp het as 'n oorbodige instrument nie.** Hulle wou die volk bo en buite die partye saamsnoer — **daardie volk wat bo en buite die partye weer sy eenheid in 1938 rondom die Ossewaens hervind het na die volksverskeurende verkiesing van 18 Mei daardie jaar.** Die woorde „bo en buite" dui al vanself aan dat die partye nog gehandhaaf sou word tot tyd en wyl almal saamstem om dit met iets beters te vervang.

Selfs in 1941 nog het die Ossewabrandwag ingehaak gestap met die Nasionale Party as middel vir onmiddellike praktiese politiek, en dwarsdeur die onaangename broederstryd het die O.B.-leiding nooit sy lede versoek om uit die politieke party te bedank nie. Dit behoort genoegsame bewys te wees van die Ossewabrandwag se voorneme om nie teen die Nasionale Party as sodanig op te tree nie, maar teen die stelsel wat partye noodsaaklik maak, en solank daardie stelsel gehandhaaf word, spreek dit vanself dat daar ook van 'n nasionale party gebruik gemaak sal moes word. Ek sal hierdie houding met 'n beeld probeer duidelik maak:

### HUISIE WAT LEK

Veronderstel ek woon in 'n huis wat al begin bouvallig word. Dan tref ek maatreëls om 'n nuwe huis te bou, **maar ek breek nie die ou huis af voor ek in die nuwe huis ingetrek het nie.** Dit spreek vanself. Eers soos die nuwe huis gereed is, trek ek oor met my gesin. **Ek trek nie die ou huis op my familie se koppe om en gaan alleen in die nuwe huis woon nie.** Dit spreek ook vanself. **Hulle gaan saam met my en ons vier saam die intog in die nuwe huis. Net so was en is dit nog die Ossewabrandwag se voorneme om nie die lede van die politieke partye saam met die partystelsel te begrawe nie. Nee, ons wil hulle ook oortuig — en meeste van hulle was in 1941 oortuig — van die noodsaaklikheid om oor te trek na die nuwe huis.**

### GEEN UITSLUITING

Niemand bly agter nie, en die sogenaamde „vernietiging" van die partye beteken dus nie dat die huidige lede van die partye uitgesluit sal wees van die nuwe staat nie. **As ons die dinge so sien, is dit tog duidelik dat die Ossewabrandwag se beleid vir niemand behalwe ons volksvyande gevaarlik kan wees nie. Deur dus voort te gaan met sy propaganda, benadeel die Ossewabrandwag nie die nasionale partye nie, en dit is dan ook om hierdie rede dat mnr. Havenga geen beswaar het om O.B.-lede tot sy party toe te laat nie. Ons woon nog almal lekker saam in die ou huis en eendag, as die tyd daarvoor aanbreek, verhuis ons almal, man en muis, na die nuwe tuiste.**

Dit is die eerste punt wat ek wou beklemtoon. Maar nou kom die vraag op of dit dan nou, na die verkiesingsoorwinning nog nodig is om na 'n nuwe huis oor te trek. Is die ou huis nie nou in goeie sorg nie? Hieroor sal ek in 'n volgende brief handel.

## *Kommuniste Verslaan In Griekeland*

**Dit wil voorkom asof die Griekse regering besig is om klaar te speel met die Griekse Kommuniste onder genl. Markos. Amptelik is bekend gemaak dat die regering daarin geslaag het om die Kommuniste uit te wis in die Grammos-gebergte. Die laaste groepie rebelle is nou vasgedruk teen die grens van Albanië.**

**Sedert die rusie tussen Tito en Stalin, het die Griekse Kommuniste geen hulp van Joego-Slawië ontvang nie.**

# WIL PEIL VERHOOG VAN BURGERSKAP

**Die Minister van Binnelandse Sake het opdrag gegee aan die regering se regsadviseurs om die Unie se naturalisasiewette deeglik te hersien met die doel om verkryging van Unie-burgerskap moeilik te maak.**

Tienduisende vreemdelinge het gedurende die afgelope oorlog as vlugtelinge uit die gate en hole van Europa in Suid-Afrika aangespoel en het hulle sedertdien hier gevestig en onder die Smuts-bewind Unieburgers geword. Die name van nuwe Unie-burgers wat van tyd tot tyd gepubliseer word, maak grusame leesstof uit vir mense wat dit ernstig meen met Suid-Afrika. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle het die vorige regering burgerskap geweier.

Dr. Dönges het die saak ook onder die aandag van die kabinet gebring. Hierdie nuwe planne in verband met die naturalisasiewette, val saam met die skema om alle immigrante beter te keur.

# Van Blerk Gee Sy Redes Vir Geweld

**In die vierde hoofstuk van sy tronkreeks in FLEUR gee H. S. van Blerk 'n verduideliking van die ongeval by geleentheid van die ontploffing van die poskantoor op Benoni, asook van die motiewe vir hul optrede.**

Dit is duidelik dat daar by die twee veroordeeldes nie die minste twyfel bestaan nie dat die betrokke persoon deur die dorpswagte geskiet is en dat hy nie regstreeks as gevolg van die ontploffing verongeluk het. Daar het twee skote-geval kort na die ontploffing, en Van Blerk was oortuig dat daardie skote in verband gestaan het met die dood van wat hy eers gemeen het een van sy kamerade was. Later het hy verneem dat dit iemand anders was, en dat die dorpswagte onder die indruk was dat hy 'n saboteur was. Van Blerk skryf:

### AS GEVANGENE

**„Sy (sy suster) kon my egter meedeel dat die dorpswagte besonder gespog het omdat hulle so terdeë met een van die saboteurs afgereken het. Daan Strydom se broer, self 'n lid van die dorpswag, kon later hierdie bewering met eerstehandse inligting staaf.** Ook moes ons hoor dat die ongelukkige sonder enige mediese sorg dood is en dat hy as gevangene beskou en behandel is totdat hy gesterf het. Intussen is ons met 'n aanklag van moord gedreig. **Maar toe ons advokaat in belang van sy kliënte daarop aandring om die lykskouing ook by te woon, is hom toegang geweier en die versekering gegee dat ons bloot vir 'n noodregulasie aangekla sal word."**

Die feit dat 'n persoon deur sy optrede gesterf het, was 'n oorsaak van groot smart, vertel Van Blerk. „Daardie nag het ek slapeloos deurgebring. My gedagtes was steeds by 'n moeder wat haar seun deur my optrede verloor het. Die nag by die poskantoor, voor ons ons onherroepelike daad begaan het, was dit steeds my grootste besorgdheid dat ander se lewens in gevaar gebring mag word. My eie lewe was minder. Ek was 'n soldaat en verbruikbaar vir die idee van volk- en bodemdiens wat my besiel het."

### BEWEEGREDE

Die beweegrede vir sy daad, aldus Van Blerk, was 'n vriend met vrou en kinders wat in die myne met ontslag gedreig is as hy nie by die leër aansluit en teen sy oortuiging gaan veg nie. **Hy het aangesluit en saam met duisende ander Afrikanerseuns geveg vir 'n oorlog die rede waarvoor hulle geen benul gehad het nie, teen 'n vyand wat hulle nog nooit benadeel het nie. „En hulle val by die honderde vir ideale wat hulle**

(vervolg in kolom 3)


(vervolg van kolom 5)

**haat en verag, bloot omdat hulle ge-isoleer en verwaarloos, van eie leiers geen beskerming en geen inspirasie tot standvastigheid en verset kry nie. En al het ons daad 'n lewe gekos, en al het dit oënskynlik nie die gewenste uitwerking gehad nie, het dit tog baie lewens gered. Want dit het duisende Afrikanerseuns van die gevegsfront gehou."**

In die verband maak hy melding van die groot aantal soldate wat na hierdie gebeurtenis by geboue in Johannesburg op diens was.


# Is Medisyne Noodsaaklik?

***Die Natuurwetenskap sê nee!***



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**

**Met Verbasende Uitslae**

**GEEN MEDISYNE!**

**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon gemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**

**Posbus 1336 — KAAPSTAD**






## „Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak gewaarborg 100% suiwer eerstegraadse blaar.




Rembrandt

ROOI VIR KURK — GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".*

# Hoop Al Op Atoomkrag



**Deskundiges van die Amerikaanse lugmag doen tans navorsingswerk met die oog daarop om atoom-energie aan te wend vir die aandrywing van vliegtuie in plaas van deur petrol of spuitaandrywing. Navorsingswerk word ook gedoen om radar-beheerde kanonne op die vliegtuie vanuit 'n baie groot hoogte af te vuur.**

**Die foto toon 'n kamera wat gebruik word in verband met navorsingswerk in atoomenergie. Dit fotografeer die beweging van atome.**

## *Groot Vrag Per Lug Vervoer*

Sedert die Amerikaners begin het om Berlyn met voedsel en steenkool deur middel van vliegtuie te voorsien, het hulle reeds meer as 100,000 ton goedere per lug vervoer. 15,800 vlugte was nodig om hierdie voorrade aan te ry en dit sluit meer as 9,000,000 vlieg-ure in. Steenkool het die grootste deel van die vrag uitgemaak.

# Wraak-Verhoor Vir Duitse Leërhoofde

**Brittanje is van voorneme om drie Duitse veldmaarskalke en een generaal voor 'n militêre hof te daag op aanklagte van beweerde oorlogsmisdade. Die veldhere is veldm. Gerd van Rundstedt (73), veldm. Fritz von Manstein (76), veldm. Heinrich von Brauchitsch en kol.-genl. Strauss (68).**

**Al vier is tans krygsgevangenes in die hospitaal in Munsterlager. Veldm. Von Rundstedt het veral bekendheid verwerf met sy veldtog in Pole, Von Manstein het die Krim in 1941 verower terwyl Von Brauchitsch betrokke was by die planne om Brittanje binne te val. Daar is min bekend omtrent genl. Strauss.**

**Om drie jaar na die oorlog te begin om offisiere te verhoor wat drie jaar lank gevange gehou is, is op sigself 'n sware aanklag teen Brittanje.**

# Kry Toordokters Rooi Besieling?

**Nie minder nie as drie gevalle van toordokter-moorde is die afgelope weke vir verhoor in die Basoetolandse geregshowe aanhangig gemaak. Verlede week is 'n kaptein met twaalf mede-pligtiges ter dood veroordeel vir die moord op 'n naturel wie se tong en ander dele van sy liggaam lewendig van hom afgeslag is. Nog twee sulke moordgevalle is op die oomblik onder verhoor.**

**In hierdie verband berig die Cape Argus dat 'n voormalige waarnemende Basoeto-opperhoof, kaptein Makkaola, aan 'n korrespondent van die blad verklaar het dat hierdie vlaag van toordokter-moorde wat in die jongste tyd woed, aangehits word deur elemente van buite as deel van 'n politieke veldtog wat gerig is op die vernietiging van die stamhoofde se gesag.**

Dit is bekend dat die kommunistiese revolusiestigting hom in elke land aanpas by besondere omstandighede. In nywerheidslande konsentreer hy op nywerheidsonluste, in godsdienstig-verdeelde lande, soos Indië, werk hy deur middel van godsdienstige onluste en in lande met rasseverskille spits hy hom toe op rassewrywing.

Dit lê dus voor die hand dat die Kommunisme ook gebruik sal maak van naturelle-bygeloof om opbrekingswerk te doen. Hoe groter die verwarring wat geskep word, hoe beter die broeigeleenthede vir kommunisme.

## Tiervlei Presteer

**Die Ossewabrandwag van Tiervlei het verlede Saterdag 'n funksie gehou om fondse in te samel vir O.B.-dag en die mooi bedrag van £50 ingesamel. Daar is nog beloofde bydraes uitstaande sodat die totale bedrag nog hoër sal wees.**

Na afloop van die basaar het genl. J. de Vos die aanwesiges toegespreek. Hy het daarop gewys dat die taak wat die Ossewabrandwag in die toekoms sal moet verrig, nog groter sal wees as wat hy reeds in die verlede tot stand gebring het.

Afrikaners van alle politieke groepe het die verrigtings bygewoon.

# BRITTANJE WIL LEËR UIT 17 MILJ. NATURELLE OPBOU

**Brittanje is van voorneme om 'n groot naturelle-leër in Oos-Afrika op die been te bring wat moet dien as plaasvervanger vir die Indiese leër wat nou nie meer in Britse diens staan nie. Die planne vir hierdie leër sou reeds opgestel wees en volgens 'n berig uit Londen word dit nou deur die Departement van Oorlog bespreek. Die naam van veldm. Montgomery word ook in hierdie verband genoem.**

## Moet Indië En S.A. se Plek Kan Neem

**Die berig verklaar dat daar sowat 17,000,000 naturelle in Oos-Afrika is en dat 200,000 van hulle reeds ondervinding van oorlogswerk gedurende die afgelope oorlog opgedoen het.** Maj. genl. W. A. Dimoline, bevelvoerder van die Oos-Afrikaanse leërs meen dat 'n uitstekende leër binne 'n paar jaar uit hierdie materiaal gebou kan word. Hy het ook die mening uitgespreek dat aangesien Britse offisiere nie meer na Indië gaan om Indiese troepe op te lei soos dit die afgelope 50 jaar gebeur het nie, hierdie offisiere nou maklik na Kenia gestuur kan word om die naturelle op te lei. Maar dan, sê hy, moet hierdie offisiere beter betaal word.

SUID-AFRIKA

**Die feit dat Suid-Afrika hom „onttrek" het aan die verdedigingsplan vir Afrika, maak dit dringend noodsaaklik dat 'n groot leër in Afrika opgebou word, aldus genl. Dimoline. Hy het ook melding gemaak van die feit dat militêre voorrade uit Egipte reeds in Nairobi aankom.**

Amptenare in die departement van oorlog in Brittanje het geweier om die berig te ontken of om kommentaar daaroor te lewer. „Ons het opdrag van die hoogste gesag om niks hieroor te sê nie. Ek is nie bereid om die berig te ontken of te bekragtig nie," het 'n hoë Britse amptenaar verklaar toe hy hieroor ondervra is.

## *Nuwe Hoof Van S.A.U.K.*

Mnr. Gideon Roos, sekretaris van die S.A.U.K., is as die nuwe Direkteur-generaal van die Korporasie aangestel in die plek van mnr. Renè Caprara, wat sy dienste hierdie week neerlê. Hierdie aanstelling is onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Binnelandse Sake en Pos- en Telegraafwese, dr. T. E. Dönges.—(S.A.P.A.)

# *‚O.B. DIE DRAER VAN REPUBLIKANISME'*

(vervolg van bladsy 1, kolom 3)

agter die volk as 'n geheel in die stryd kan werp," het spr. gesê.

Die K.G. het gewag gemaak van die feit dat dit die eerste keer in sewe jaar is dat 'n lid van die H.N.P. en hy self saam by een geleentheid optree. Daar was 'n gedagte dat die O.B. uitgeskakel moes word en dat daar geen ooreenkomste met hom aangegaan moes word nie, **maar dit is alleen omdat daar 'n ooreenkoms in die Paarl was dat die setel verower is. Wat die O.B. betref, het spr. gesê, hy soek vriende en nie vyande nie.**

NET EEN MAAT

**„U moet die Ossewabrandwag nie met twee mate meet nie en niemand het die reg om eise te stel wat hy nie bereid is om self ook uit te voer nie," het die K.G. verklaar.**

Spr. wil, terwille van die les wat daaruit spreek, verwys na iets wat onlangs in Kaapstad plaasgevind het, nl. die geval van mnr. Ettiene Malan wat as redakteur van die mondstuk van die H.N.P. oorgestap het na die Verenigde Party. Spr. noem dit slegs om een rede: dat mens lesse moet leer uit die foute wat gemaak is. „Daardie meneer het meer twis en verdeeldheid gesaai as enige ander man op 'n pers in Suid-Afrika. Allerlei stories is die land ingestuur. Die leier van die O.B. sou by Irene kuier, O.B. leiers sou hulle laat omkoop het, ens., ens.

WAARSKUWING

**„Vyf jaar lank het daardie man u vertel hoe ons skakel met Smuts en nou is daardie man 'n betaalde amptenaar van Die Suiderstem en maak hy propaganda vir die Smuts-party. So is die volk vyf jaar lank verdeel. As u nou weer hoor dat hierdie of daardie Afrikanerleier — of dit dr. Malan, mnr. Havenga of wie ookal is — geskakel het of omgekoop is, onthou dan die stel wat u afgetrap het. As iemand teen leiers skinder, draai jou rug op hom," het die K.G. gesê.**

Die heildronk op die eregaste van die aand, dr. en mev. Van Rensburg, is deur genl. adv. J. de Vos ingestel wat gesê het dat die K.G. nuwe gedagtes in die boesem van die volk ingedra het wat geen ander leier nog ooit gedoen of gewaag het nie.

Hfgenl. Max Smuts het die O.B.-vroue bedank en gelukgewens vir wat hulle gedoen het om die aand 'n sukses te maak. As seremoniemeester het opgetree mnr. P. E. Loubser.

# Kabinette Lewe Net 4 Maande

**Op 'n tydstip wanneer die Weste nie kan bekostig om 'n swak plek in sy front teen Rusland te hê nie, het Frankryk hom opnuut die weelde veroorloof om van regering te verander.**

Die regering van Andre Marie het verlede Saterdag bedank omdat daar nie eenstemmigheid bereik kon word oor sekere klousules in die herstelprogram van die minister van finansies nie. Dit raak veral die stygende voedselpryse en die inkorting van openbare dienste.

Marie het op 26 Julie sy kabinet saamgestel en was dus slegs vyf weke in die kussings. **Dit is die tiende kabinet in Frankryk wat bedank het sedert die oorlog — d.w.s. die gemiddelde lewensduurte van 'n regering was vier maande!**

Die Franse president het Sondag vir Paul Radamier, 'n voormalige premier, gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel. Hy het egter nie hiervoor kans gesien nie, waarop die Republikeinse leier, Robert Schuman, weer met die taak belas is — nadat hy dit bietjie meer as 'n maand gelede neergelê het.

**Politieke waarnemers meen dat die end van die partystelsel nou baie naby is in Frankryk, en dat De Gaulle met sy volksbeweging die staat binnekort sal oorneem.**

**MEER AS 4,600 FIRMAS** in die Westerse deel van Berlyn was verplig om as gevolg van die Russiese blokkade te sluit, en na verwag word sal eenderde van hulle nooit weer open nie.

## Misdaad Neem Toe

Daar was 'n aansienlike toename in misdaad gedurende die afgelope jaar. Altesaam is daar 1,019,912 persone vervolg, wat 78,000 meer is as die voorafgaande jaar.

Slegs tien persent van die ernstige misdade wat in die Unie gepleeg is, is nog nie opgelos nie. Na berekening is daar 89 persone uit elke 1,000 lede van die bevolking vervolg. Dertig jaar gelede was dit nie eers die helfte soveel nie. Die sterkte van die polisiemag is tans die hoogste wat dit nog sedert Unie was hoewel daar meer as 1,000 vakature vir konstabels is.